Donderdag 29 Oktober tot Saterdag 7 November 2020

Die Eunice Mark vier hierdie jaar sy 21ste bestaansjaar. Ons is baie opgewonde oor hierdie mylpaal en beplan weer eens 'n uitsonderlike mark met unieke, oorspronklike en kreatiewe produkte. Ons open weer een dag vroeër en sien uit na 'n opwindende mark saam met elke spesiale uitstaller.

WIE KWALIFISEER VIR DIE EUNICE MARK?

- U kwalifiseer indien **geen naam, kontaknommer of webadres** op die produkte wat u wil uitstal, aangebring is nie (bederfbare kosprodukte uitgesluit). Die markkomitee beskou hierdie markreël in 'n baie ernstige lig.
- U kwalifiseer indien u nie dieselfde produk by enige ander uitstalling of mark in Bloemfontein gedurende die tydperk **31 Augustus tot 7 November 2020** uitstal/verkoop nie.

KOMMISSIE

21.5%: As u van GEEN markdienste gebruik maak nie:

- U lewer self of laat u eie produkte by die mark aflewer.
- Uself of die markorganiseerders berei u uitstalling voor.
- U pak u eie uitstalling op na afloop van die mark en is verantwoordelik vir die vervoer van u oorblywende produkte.

25%: As u van die markdienste gebruik maak: Enige EEN van onderstaande (al is dit SLEGS EEN van onderstaande dienste)

- Markvervoer vanaf Kaapstad en Johannesburg - op eie risiko.
- Markorganiseerders hanteer die regpak van die uitstalling buite markure.
- Markorganiseerders pak u uitstalling op na afloop van die mark en reël vir die vervoer van die oorblywende produkte.

1. ALGEMENE MARKREËLS

1.1 Produkte en prysetikette

- **GEEN** produkhandelsmerk, webbladadres of persoonlike of **sakekontaknommers** mag op enige produk aangebring word nie (bederfbare kosprodukte uitgesluit).
- **Eunice Mark-prysetikette** mag NIE oor u bestaande kontakbesonderhede op die produk geplak word NIE.
- Die Eunice Mark stel sy **eie prysetiketstelsel** beskikbaar.
- Die **merk van produkte** is u verantwoordelikheid.
- Indien u u produkte verkeerd merk en die markorganiseerders u produkte oor moet merk, sal 'n addisionele 2% op u verkope gehef word.
- Die **beskrywing op die prysetiket** mag slegs vir daardie spesifieke produk gebruik word. Gebruik die regte naam vir die regte produk.
- Slegs **produkte** wat die **keuringsproses slaag**, mag tydens die mark uitgestal word.
- Die mark duur tien (10) dae en SLEGS uitstallers wat **genoeg voorraad** van die gekeurde produkte vir die duur van die mark beskikbaar kan stel, sal oorweeg word.
- Indien u 'n produk voorgelê het en as dit om een of ander rede nie deel van u uitstalling is nie en u stel die markorganiseerders nie in kennis nie, word 30% op u totale omset gehef. U moet die markkomitee ten minste 30 dae voor die aanvang van die mark skriftelik in kennis stel as 'n gekeurde produk nie meer deel van u uitstalling gaan wees nie.

Indien u beplan om met dieselfde produk aan enige ander mark in Bloemfontein gedurende die tydperk 31 Augustus tot 7 November 2020 deel te neem, kwalifiseer u ongelukkig nie vir deelname aan die Eunice Mark nie.

1.2 Uitstal van produkte

- Uitstallings tydens die mark word nie beman nie behalwe in sekere gevalle soos die uitstalling van juwele of produkdemonstrasies.

1.3 Administrasiefooi

- Aan die einde van die mark word 'n administrasiefooi van R500 van alle uitstallers verhaal.

1.4 Versekering, diefstal en breekskade

- Brandversekering word vir die tydperk van die mark uitgeneem.
- **Die Eunice Mark aanvaar geen aanspreeklikheid vir diefstal, breekskade of tekort van enige produk nie. Ons beveel aan dat u 'n 2%-winsopslag op elke item bereken.**
- Diefstal en breekskade van produkte kan plaasvind weens die groot hoeveelheid markbesoekers.

1.5 Versending van produkte voor die aanvang van die mark

- Suksesvolle aansoekers kan, op eie risiko, van die versendingsdiens vanaf Kaapstad en Johannesburg gebruik maak.

1.6 Belastingvrystelling

- Hoërskool Eunice tree op as agent vir die mark en is dus vrygestel van enige belastingverpligtinge.

1.7 Telefoniese, e-pos- en SMS-navrae

- Korrespondensie en navrae vind SLEGS per e-pos plaas.
  E-posadresse van organiseerders: Mag Marais - mag@ehs.co.za of trudie.pieterse@gmail.com.
- **Ons beantwoord GEEN telefoniese navrae nie.**

2. KEURINGSPROSEDURE

Kies SLEGS 1 van onderstaande 2 opsies

OPSIE 1:

Vorige uitstallers wat weer DIESELFDE produk as die vorige jaar by die 2020 Eunice Mark wil uitstal (met ander woorde geen nuwe produkte nie)

- Voltooi Vorm 1 (aansoek/administrasievorm).
- Voltooi Vorm 2 (produkbeskrywing, bedrag van produk en hoeveelheid prysetikette). Die bedrag moet die toepaslike kommissie insluit soos op bladsy 1 uiteengesit.
- Skandeer en e-pos voltooide Vorms 1 en 2 na mag@ehs.co.za voor **Vrydag 8 Mei 2020.**
- Kleurfoto's van alle produkte moet Vorm 2 vergesel. Rekenaaruitdrukke van foto's is voldoende. Heg duidelike kleurfoto's aan by u e-pos.
- **Die komitee behou die reg voor om u te versoek om wel die keuringsgeleentheid by te woon.**

OPSIE 2:

Vorige uitstallers wat nuwe produkte by die 2020 Eunice Mark wil uitstal asook nuwe uitstallers wat nog nie vantevore aan die Eunice Mark deelgeneem het nie, moet:

- die keuringsdag bywoon en ALLE PRODUKTE voorlê en die volgende voorberei:

  1. Voltooi Vorm 1 (aansoek/administrasievorm) en bring dit na die keuringsgeleentheid. **Moet dit nie vooraf stuur nie.**
  2. Voltooi Vorm 2 volledig. Voltooi ALLE kolomme. Die bedrag moet die toepaslike kommissie insluit soos op bladsy 1 uiteengesit.
  3. 'n Voorbeeld van elke soort produk wat u tydens die mark wil uitstal, moet vir keuring aangebied word, bv. seep, waslap, handdoek.
  4. Hierdie produk moet op presies dieselfde manier verpak/voorberei word soos dit vir die mark gedoen gaan word.
  5. Daar moet bergingsinstruksies en 'n vervaldatum op alle verpakte droë kosprodukte (bv. konfyte, souse, beskuit, koekies) wees.
  6. Kleurfoto's van alle produkte moet Vorm 2 vergesel. Rekenaaruitdrukke van foto's is voldoende.
  7. Geen voorleggings mag deur middel van slegs foto's gedoen word nie.
  8. Bring SLEGS produkte – GEEN uitstalmateriaal of tafeldoek is nodig nie.
  9. U produkte kan namens u deur 'n ander persoon of verteenwoordiger voorgelê word.

3. KEURINGSDATUMS VIR ALLE NUWE PRODUKTE

3.1 BLOEMFONTEIN en omgewing

- **Datum: Woensdag 13 Mei 2020**
- Plek: Beheerraadkamer, Hoërskool Eunice
- Tyd: Vanaf 09:00 – 16:00
- **SLEGS per afspraak (om toue te voorkom):** Skakel Liza-Ann Meyer by 051 410 1428 Voor **Dinsdag 20 Mei 2020**
- Navrae: Mag Marais by mag@ehs.co.za OF trudie.pieterse@gmail.com

Lees weer punt 2 (keuringsprosedure) en volg die stappe vir die keuringsdag deur middel van die onderstaande kontrolelys

3.2 KAAPSTAD en omgewing

- **Datum: Vrydag 15 Mei 2020**
- Plek: City Lodge V&A Waterfront – h/v Dock- en Alfredstraat
- Tyd: Vanaf 09:00 – 15:00
- **SLEGS per afspraak om lang wagperiodes te voorkom:** Skakel Liza-Ann Meyer by 051 410 1428 **teen Woensdag 13 Mei 2020**
- Navrae: Mag Marais by mag@ehs.co.za OF trudie.pieterse@gmail.com

Lees weer punt 2 (keuringsprosedure) en volg die stappe vir die keuringsdag deur middel van die onderstaande kontrolelys

4. UITSLAG VAN KEURINGSPROSES

- Alle aansoekers sal voor **Maandag 1 Junie** per e-pos oor die uitslag van die produkkeuring verwittig word.
- 'n Lys van u goedgekeurde produkte sal daarna per e-pos aan suksesvolle aansoekers gestuur word.
- Dit is u verantwoordelikheid om seker te maak dat ons u korrekte e-posadres en telefoonnommer het. Gee asseblief slegs een adres en nommer per aansoek. Dis baie belangrik dat ons u kan kontak.

Merk af	KONTROLELYS VIR KEURINGSDAG
☐ ◄	1. Vorm 1: My aansoekvorm is volledig voltooi.
☐ ◄	2. Vorm 2: Al my produkbeskrywings, pryse en hoeveelhede is volledig voltooi. (Die verkoopprys moet die kommissie insluit: 21.5% of 25% indien u van markdienste gebruik maak.)
☐ ◄	3. Ek het 'n voorbeeld van elke produk voorberei en verpak soos dit vir die mark beplan word.
☐ ◄	4. Al my droë kosprodukte (bv. konfyte, souse, beskuit, koekies) bevat bergingsinstruksies en 'n vervaldatum.
☐ ◄	5. Afsonderlike kleurfoto's of rekenaaruitdrukke van al my produkte vergesel Vorm 2.
☐ ◄	6. Ek is op hoogte van die keuringsdatums en het Liza-Ann Meyer by 051 410 1428 geskakel vir 'n afspraak. (Sien 3.1 en 3.2 vir keuringsdatums en toepaslike inligting.)